Geliefde Lourensrivierder

Welkom terug! Hier sit ons alweer met 365 – 12 splinternuwe dae wat die Here vir ons gegee het! Mag Hy vir jou die nodige krag, energie, deursettingsvermoë, wysheid, kennis en insig gee om dit voluit aan te pak en te benut!

## NUUSKRUMMELS: 12/01/2017

### LEKKER LYWIGE NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

#### DINAMIET KIEDZ (KWARTAALPROGRAM ONDER AANGEHEG):

Sondag, 15 Jan. skop ons af met al die admin en heerlike Sing-songs!

Sondag, 22 Jan. hanteer ons die laaste admin en Speel speletjies
KEN-MEKAAR-OGGEND ook 22 Jan. '17 @ 10h15

Alle Pappas en Mammas word vriendelik uitgenooi om na die diens lekker Koek/Tee/Koffie saam met die Dinamiet Kiedz se leiers in die Kerksaal te kom geniet.

Ons sien uit daarna om jou te ontmoet en beter te leer ken.

Ons wil graag goeie verhoudings bou en ons beste vir jou kind gee in 2017!
Wees verseker van ons 100% toewyding aan jou kind…
Diensbaar vir Jesus
Kontak: Sanel Woodward, 0827068642

EN DAN…..
Sondag, 29 Jan. Begin ons met ons nuwe opwindende Reeks vir die kwartaal!!!
Kiedz kan in die oggende met hul kussings kom en pantoffels aantrek ☺☺

#### LIFELINE YOUTH:

Die Jeugleiers het hul voorbereidingskamp gehad en kannie wag om tyd met jul jongmense te spandeer en in hul lewens in te bou nie!



Uit hul eie monde:
"Ons Lifeline YOUTH mentors is gereed! 😁
Kom join ons Sondag, 15 Januarie 2017 om 17:30-19:00 vir die afskop!"

## DINGE-OM-TE-DOEN HIERDIE JAAR....

1. **Sluit** aan by ‘n **Kleingroep** en word deel van ‘n warm samesyn saam met omgeevriende wat mekaar ondersteun en saam bid
2. **Doen** die **Gebedskursus** wat jou leer hoe om jou Bybel te gebruik as jy bid en hoe om waarlik met God daaruit te kommunikeer..... van die drumpel tot Sy troonkamer...
3. **Begin** die **Veritas Bybelskool** kursus wat jou leer hoe om die Bybel beter te verstaan, te interpreteer en hoe om dit in jou daaglikse wandel prakties uit te leef.
4. **Doen** ‘n **EEIII kursus** wat jou die Evangelie Boodskap beter laat verstaan en help om met gemak met mense oor die Here te praat
5. **Doen** ‘n **Evangelie Nasorgkursus** om jou te help met jou geestelike groei

**Navrae: Kontak Jackie @ 021 853 5991**

## LAAT JOU 2017 GEESTELIKE VLERKE KRY MET WOORDBEDIENING DEUR DEWALD GOUWS:

Getuienis, sang en ‘n boodskap van hoop! Dewald is lid van die groep Manne wat Glo en hy het pas uit VSA teruggekeer waar 5 van sy eie komposisies opgeneem is. Een van sy albums is verlede jaar vir 'n Huisgenoot Tempo benoem vir die Gospel album van die jaar en hy behartig die Praise en Worship by die Mighty Men byeenkomste. Dit beloof 'n besonderse aand te wees.

Sy gemaklike en ontspanne aanslag sal beslis ook by die tieners aanklank vind.
**Navrae: Johan 084 850 1140**

## 2017 LEESROOSTERS KAN BESTEL WORD BY KERKKANTOOR @ R80 elk:

Betaling moet asseblief met bestelling geskied. Kontak Annalie @ 021 853 5991 of fin@lourensrivier.co.za

Meer oor Leesrooster: Die Bybelstudieprogrom is van Advent 2016 tot Koninkrykstyd 2017. Dit volg die seisoene van die kerkjaar en maak gebruik van die erkende teksrooster Revised Common Lectionary, Jaar A. Dit moedig lesers aan om die christelike feeste, gebruike en gewoontes van die kerkjaar te vier en te ervaar.
Dit help jou ook om die boodskap van die Bybel oor ‘n tydperk van 3 jaar in sy groter omvang te lees en te leer ken.
Die fokus val nou meer op bruikbaarheid. Die bydraes is daarom baie meer kernagtig. Elke week se bydraes strek oor slegs 2 bladsye.

**ONTHOU:**
**2017 Gemeentegidse (almanakke) is nog beskikbaar by kerkkantoor**

**Kontak ons gerus as dit moeilik is om dit te kom afhaal**

## VERLORE GOEDERE BY KERKKANTOOR:

Hierdie sleutels en Bybel is beskikbaar by die kerkkantoor

Die sleutels was gedurende die Kersmarkte in die saal gevind.

Die Bybel is in die Kerk gevind.

## NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

**ARBEIDSBEDIENING: VRUGTEMARK, VRYDAG 27 JANUARIE 2017, vanaf 8:30 tot 11.00.**
In DIE STRAND-GEMEENTE se kerksaal op die hoek van BIRKENHEAD- EN FAGANSTRATE, STRAND.
Daar sal HEERLIKE VARS VRUGTE EN GROENTE asook PANNEKOEK, TUISGEBAK, POEDING, BOEKE EN ALLERLEI TWEEDEHANDSE KLERE EN ANDER ARTIKELS te koop wees.
KOM GENIET `N KOPPIE TEE OF KOFFIE EN VERSNAPERINGS IN DIE KAFEE.
Baie dankie vir u ondersteuning.
NAVRAE: Jan of Letitia. 021-8530937 / 0768855533 / 0761347780

**JANUARIE NUUSBRIEF VAN STRAND BUURTWAG ONDER AANGEHEG**
Baie dankie aan ons wonderlike Buurtwag personeel en Vrywilligers wat so hard gewerk het (en nogsteeds hard werk) gedurende die feestyd asook met die vernietigende brande die afgelope tyd!

## BAIE GELUK AAN DIE VOLGENDE OUERS MET BABAS SE DOOP

**1 Jan 2017**

Ouers:
Piet & Geraldine Blomerus

Baba: Marina

**8 Jan 2017**

Ouers:
Anton & Clarisa Oosthuizen

Baba: Anton

## BAIE DANKIE:

Huis Jan Swart se inwoners het weer heerlike koekies van ons Gemeente ontvang vir Kersfees en die harde bakwerk is deur Corrie van Niekerk en haar span gedoen.
Ons sê baie dankie!

## KNIEWERK:

- Retha van der Westhuizen (kanker)
- Innige meegevoel met Mollie Marais met die heengaan van haar man, Ds Joepie
- Makkie Marx (vir gesondheid)
- Wessel & Jeanette Geldenhuys se skoondogter baie siek gedurende swangerskap
- Skoliere, Onderwysers en Ouers vir uitdagings van nuwe jaar

## ONS HET 'N NUWE KERKSEISOEN INGEGAAN: EPIFANIE

Die fokus van dié seisoen is die viering van God se verskyning en bekendwording aan ons.
Dit wentel rondom die epifaniefees, wat die eerste keer op 'n Sondag gevier is en al van die tweede eeu af op **6 Januarie** gevier word. Epifanie verkondig dat God híér is. Regdeur die Bybel sien ons hoedat mense van God se teenwoordigheid bewus raak en hoe hulle daarop reageer. Hulle word so diep daardeur geraak dat dit daarna hulle identiteit bepaal en dat hulle ook bereid raak om aanpassings te maak en vir hulle geloof te ly. Epifanietyd daag ons uit om voor God se aangesig te leef en ons identiteit dáár te laat vorm. God is ook op onverwagse plekke teenwoordig en ons kan aanleer om God buite ons eie kring raak te sien. Ons oë en ore moet oop wees vir eietydse simbole van God se teenwoordigheid in ons midde. God se lig het in 'n donker wêreld kom skyn. Dit kan nie uitgedoof word nie en dit begelei ons op ons lewenspad (sien bv 1 Joh 1:6 en Joh 1:4-5). God praat en ons leef luisterryk. Ons het tyd nodig om in stilte by Hom te rus. Ons kan ons stemme voor Hom verloor en soos kinders steeds bly leer. Epifanietyd gee ons 'n oor vir sy hartklop aan ons deur.
LEES MEER OOR EPIFANIE OP ONS WEBWERF: http://www.lourensrivier.co.za/index.php/kerkseisoene/284-epifanie

## FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 15 JANUARIE SE BOODSKAP: Jes 49:1-7

**TWEEDE SONDAG NA EPIFANIE:**
Dit was vir die ballinge moeilik om te glo dat God weer 'n nuwe begin met hulle kan en sal maak. Dit is moeilik om God raak te sien, as al wat jy kan sien die ballingskap, die vreemde land en die vreemde regeerders is. Daarom praat ons teks van die pyl wat in die koker versteek is.

Dat die plan versluier is, beteken nie daar is geen plan nie.
Die misterie is intussen ontsluier, onthul. Dit is Jesus, die dienaar van God. Die Een wat, hoewel Hy God was, dit nie laag geag het om onder ons as dienaar te kom woon nie. Jesus se opdragte aan ons is duidelik. Dit is om dieselfde gesindheid van nederige diens as Hy te hê.

Waar ons ook in situasies kom waar dinge duister lyk, en ons wonder hoe om reg vorentoe te gaan, is die opdragte en styl van Jesus duidelik. So moet ons bly optree, al word dit hoe donker rondom ons.

Jesus het NIE verniet vir ons aan die kruis gesterf nie.... Kom ons sê vir Hom dankie deur hoe ons lewe.....

Josh Wilson sing Pushing Back the Dark https://www.youtube.com/watch?v=fF61jnKDyGg

Jackie@Lourensrivier
**OORGEE, OMGEE, AANGEE**

# DINAMIET KIEDZ
# LOURENSRIVIER GEMEENTE

**Jenningsstraat 55; STRAND**
*Tel:* 021 853 5991
*Faks:* 021 853 8009
**Gemeentekode: 00265**
www.lourensrivier.co.za
FB: Lourensriviersemense

## PROGRAM: 1STE KWARTAAL (Jan tot Maart 2017)
## Graad 1 tot Graad 7 (08:45 - 10:15)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wo. | 11/01/2017 | Skole open | |
| So. | 15/01/2017 | Admin & Sing-songs | |
| So. | 22/01/2017 | Admin & Speletjies | Koek-en-tee-Ken-mekaar in saal! |
| So. | 29/01/2017 | Droomland: Les 1 | |
| So. | 05/02/2017 | Droomland: Les 2 | |
| So. | 12/02/2017 | Droomland: Les 3 | |
| So. | 19/02/2017 | Droomland: Les 4 | |
| So. | 26/02/2017 | Nagmaal | |
| So. | 05/03/2017 | Droomland: Les 5 | |
| So. | 12/03/2017 | Droomland: Les 6 | |
| So . | 19/03/2017 | Langnaweek | |
| So . | 26/03/2017 | Afsluiting | |

**Belofteland (1-6 jarigas)**

**Op pad met Jesus**

Saam met BlinkBen
Outeurs: Riana Andersen en Chrissie Kritzinger
Illustrasies: Magriet Brink

BlinkBen is 'n oulike karretjie wat saam met die kinders op reis gaan. Sy doen en late – én soms streke – bied die aanbieder die geleentheid om geestelike waarhede aan die kleuters oor te dra.

**KidsXpress**
Outeur: Tania Schultz
Illustrasies: Magriet Brink

**Gr 1-5**

**Droomland**
**Pantoffels en pajamas en God se plan vir my lewe**

'n Reeks vir 7-13 jariges oor die lewe van Josef -
van die put tot in die paleis

**KidsXpress**
Outeur: Tania Schultz
Illustrasies: Magriet Brink

**Gr 6**

**Hoop vir Kinders:**
**Die Goeie Nuus**

Hierdie boeke behandel die evangeliepad met kinders en help hulle om met gemak oor hul geloof met ander te gesels.

HOOP VIR KINDERS

**EEIII**
**(Evangelism Explosion)**

**Gr 7**




**My Blink ID**
**Saamdoen idees oor wie ek in Jesus is**

24 Blink Idees om kinders te help om hul identiteit in Jesus te ontdek en uit te leef. Speel dit los met 'n speletjie wat raakpunte het met die tema van die dag. Praat dit uit in die saamgesels Bybelstudie. Knoop dit vas in die ID-boekie propvol aktiwiteite en Bid dit deur.

**KidsXpress**
Outeur: Tania Schultz
Illustrasies: Magriet Brink

Diensbaar vir Jesus
Sanel Woodward (082 706 8642) - **Eposadres: sanel@strandfoam.co.za**

NEWSLETTER ISSUE 12 – JANUARY 2017

# STRAND BUURTWAG/ NEIGHBOURHOOD WATCH

The SNW is supported by the Community Safety Partnership (CSP): **SECURE RITE, GORDON'S BAY SECURITY, ADT, TSU/AM, ER24, GB MED and EMO Medical Emergency Vehicles.**

SAPS: 10111 Strand SAPS: 021 854 9100

Sector 2: 082 522 2750 Sector 3: 082 522 3236

www.strandnw.co.za https://www.facebook.com/strandnw

The Strand Neighbourhood Watch is a registered NPO which manages and coordinates the Neighbourhood Watch, the radio networks, patroller's and communications with the Community Safety Partnership. Please consider making a small (monthly/annually) donation towards the admin of this very important organisation. *http://www. strandnw.co.za /donate.html*

Dear Members,

We wish each and every one of you a fantastic 2017 filled with good health, lots of love, laughter and prosperity! May this year see us go from strength to strength so that we all can feel safer in our beautiful community, always remembering that only ***TOGETHER*** can we win the fight.

## Report for December 2016 to date:

During December, the NW members had their hands full with the influx of visitors. At night we had our regular patrols, and during the day we had the beach and beach front to contend with as well. On the critical days (16th /26th /27th /1st & 2nd) we were on the beach! Unfortunately, not sitting on the beach with our loved ones, but being visible, being the eyes and the ears of the law enforcement agencies, helping re-unite lost children (when possible) with their parents, and helping the Life Savers where ever we could. One of our members even jumped in and help save a lady that got into trouble near the old jetty!

We had some of our Observation members join us, and their main job was to tag children with a tag around their wrists and taking down their names and parents telephone numbers! I am sure that we tagged over a 1000 children over the entire period!

While some members were on the beach, others were patrolling the streets. A few notable successes where: 2 people were caught and arrested for alleged ATM fraud, a person was arrested in possession of a bag of cell phones, one chap spent his New Year's day in a cell after stealing money from his friends, the usual drug dealers where caught and some were arrested, but all had the goods confiscated!

We can be very grateful that there were no drowning during the period 16 December to 3 January and our members were on hand to clear the beach on two occasions when a shark was spotted in our area!

Straight from spending our days on beach duty, all available members jumped straight into helping out with the fires that ravished the Somerset West & Sir Lowry's Pass! We had members on scene helping with traffic control, standing-by with bakkies ready to help with evacuations, and coordinating refreshments for the Fire fighters.

Down at the Strand Fire Station we had members taking in supplies coming in from member of the community, and at our HQ in Michau street, members and volunteers where making sandwiches and packing food parcels to be delivered to the different operational areas!

All in all, we have had a hectic start to the New , but the most important lesson we learned was that our members and the community at large will always pull together in time of need!

We will continue to do our best to make the Strand a safer place for all, and to keep as many criminals out of our area as possible. We will continue being the eyes and ears of SAPS and all Law enforcement agencies and we will continue to build the bond that we have with our Security Partners!

Next month we will have our normal crime report, but until then, please be aware of your surroundings at all times, and please use the safety tips we supply in these newsletters!

**PLEASE REPORT ANY SUSPECIOUS PERSONS OR VEHICLES TO THE CONTROL ROOM ON:**

**081 570 3540**